# VERKOOPSOOREENKOMS

Aangegaan deur en tussen:

**OLIVIA ENERGY SOLUTIONS (EDMS) BPK**
**REG NO: 2012/052703/07**
**(Hierna na verwys as "die Maatskappy")**
**Domicilium citandi et executandi:**
Dan Pienaar Straat 19, Ladybrand, Vrystaat Provinsie.

-en-

**Die "Kliënt" aan wie 'n Belastingfaktuur/Kwotasie uitgereik is deur die Maatskappy**
**Domicilium citandi et executandi:**
Adres soos aangedui op die Belasting faktuur/Kwotasie.

NADEMAAL die Maatskappy gewillig en in staat is om 'n PV sonstelsel, omsetter, battery, tesame met bykomstighede, uitbreidings en/of vergrotings daartoe te ontwerp, voorsien en onderhou in ooreenstemming met die Kliënt se gemete elektrisiteitsbenodighede (hierna die "Pasmaak Ontwerpte Sisteem").

EN NADEMAAL die Maatskappy 'n "standaard" sonkrag oplossing bied, wat vervaardig is sonder inagneming van die spesifieke behoeftes van die Kliënt en waar die Kliënt die spesifikasies van die sonkrag oplossing voorsien aan die Maatskappy (hierna die "Standaard Sisteem").

EN NADEMAAL die Kliënt erken dat hy die volle terme en voorwaardes van hierdie Verkoopsooreenkoms, soos beskikbaar op die webtuiste van die Maatskappy, gelees en verstaan het en toestem om gebonde te wees aan sodanige terme en voorwaardes.

NOU DERHALWE kom die Partye as volg ooreen:

1. Die Maatskappy is ‘n verspreider van ‘n verskeidenheid produkte, elkeen waarvan onderworpe sal wees aan die waarborge wat verskaf is deur die vervaardigers van daardie produkte.

2. Waar die Maatskappy ‘n Standaard Sisteem voorsien, m.a.w. waar die Maatskappy nie die ontwerp van die sisteem behartig het met inagneming van die spesifieke behoeftes van die kliënt nie, sal die Maatskappy geen aanspreeklikheid opdoen weens die feit dat die Sisteem nie aan die elektrisiteitsbehoeftes van die Kliënt voldoen nie.

3. Waar die Maatskappy ‘n Pasmaak Ontwerpte Sisteem, m.a.w. ‘n sisteem wat ontwerp is in ooreenstemming met die behoeftes van die Kliënt soos bekend aan die Maatskappy, aan die Kliënt voorsien, en waar die Kliënt se elektrisiteit verbruik verskil van daardie verbruik wat bekend was aan die Maatskappy ten tyde van die ontwerp van die Sisteem; sal die Maatskappy geen aanspreeklikheid opdoen vir die Sisteem wat nie aan die elektrisiteitsbehoeftes van die Kliënt voldoen nie.

4. Die Maatskappy sal geen aanspreeklikheid opdoen vanuit enige omstandighede buite die beheer van die Maatskappy wat ‘n effek het op die hoeveelheid elektrisiteit wat die Sisteem opwek nie. Hierdie omstandighede sluit in, maar is geensins beperk nie tot, weersomstandighede.

5. Dit sal te alle tye die verantwoordelikheid van die Kliënt bly om homself vertroud te maak met die vermoëns van die Sisteem, en om te verseker dat hy nie die oorsaak is vir die Sisteem wat buite sodanige vermoëns en/of beperkinge funksioneer nie. Enige vrae in hierdie verband sal deur die Kliënt gerig word aan die tegniese afdeling van die Maatskappy alvorens ‘n Sisteem deur die Kliënt gekoop word.

   5.1 Dit sal te alle tye die verantwoordelikheid van die Kliënt bly om te verseker dat die Sisteem internet-verbinding behou, waarsonder die Maatskappy nie effektiewe naverkopediens kan lewer nie.

6. Waar die Maatskappy ‘n belastingfaktuur voorsien wat die installasie van die Sisteem insluit, sal sodanige installasie in die uitsluitlike diskresie van die Maatskappy gesub-

kontrakteur word aan die Maatskappy se aangewese diensverskaffers. Sodanige diensverskaffers sal ook ‘n voldoeningsertifkaat aan die Kliënt uitreik.

7. Die installasie sal geag word voltooi te wees wanneer die Sisteem operasioneel word, met elkeen van die komponente wat in ooreenstemming met die vervaardiger daarvan se spesifikasies funksioneer, en ‘n voldoeningsertifikaat vir daardie Sisteem uitgereik is.

8. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Kliënt om alle nodige toestemmings te verkry vanaf die relevante owerheid in wie se jurisdiksie die Sisteem geïnstalleer moet word. Die Maatskappy sal redelike tegniese bystand aan die Kliënt verleen, soos wat deur die Kliënt versoek mag word om uitvoering aan hierdie verantwoordelikheid te gee.

9. Dit sal die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om te verseker dat die struktuur waarop die Sisteem geïnstalleer moet word, geskik is vir daardie doel. Verder, sal dit die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om die dienste van ‘n strukturele ingenieur te bekom ten einde skriftelik te bevestig dat die struktuur geskik is vir die installasie van die Sisteem.

10. Betaling deur die Kliënt sal aan die Maatskappy geskied binne ‘n 30 (dertig) dae na lewering van ‘n belastingfaktuur aan die Kliënt. Nie die Sisteem, nòg enige komponent wat deel vorm van die Sisteem, sal aan die Kliënt voorsien word alvorens volle betaling of bevestiging van finansiering deur ‘n erkende geregistreerde finansiële diensverskaffer nie deur die Maatskappy ontvang is nie. Betaling deur die Kliënt sal aan die Maatskappy geskied binne ‘n 30 (dertig) dae na lewering van ‘n belastingfaktuur aan die Kliënt, en sal nie onderhewig wees aan Munisipale of Eskom goedkeuring van die Sisteem nie.

10.1 Waar die Kliënt sou versuim om die betaling soos beoog in klousule 10 te maak binne die voorgeskrewe tydperk soos bepaal in daardie klousule, sal stoorkoste gehef word deur die Maatskappy teen ‘n koers van 1% (een percentum) van die gefaktureerde waarde van die Sisteem per maand.

10.1.1 Nie die Sisteem, nòg enige komponent wat deel vorm van die Sisteem, sal aan die Kliënt voorsien word alvorens volle betaling van beide die

koopprys soos per die belastingfaktuur en die stoorkoste, soos deur die Maatskappy aan die Kliënt voorsien, ten volle vereffen is nie.

10.2 Indien die betaling soos bepaal in klousule 10 nie binne ‘n tydperk van 5 (vyf) maande na lewering van ‘n belastingfaktuur deur die Maatskappy aan die Kliënt geskied het nie, behou die Maatskappy die reg voor om die transaksie wat die onderwerp van daardie belastingfaktuur vorm te kanselleer, waarna die Kliënt die deposito wat reeds betaal is sal verbeur ten gunste van die Maatskappy.

10.3 Indien die stelsel aan die kliënt gelewer word voordat volle betaling vir die stelsel ontvang is, en die installasie van die stelsel word vertraag weens faktore buite die beheer van die Maatskappy, sal rente maandeliks deur die Maatskappy gehef word en deur die Kliënt betaalbaar wees, op die uitstaande bedrag, teen die prima rentekoers plus 2%.

11. Eienaarskap van en risiko ten opsigte van die Sisteem sal na die Kliënt oorgaan ten tyde van finale betaling, soos bepaal in klousule 10 hierbo. In die geval waar die Kliënt ‘n Sisteem koop wat nie deur die Maatskappy geïnstalleer word nie, sal dit die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om die nodige versekeringsdekking te bekom ten einde die vervoer vanaf die Maatskappy se perseel en die installasie van die Sisteem, ten volle te dek teen skade of verlies.

12. Waar herstelwerk/vervangings aangebring moet word tot ‘n komponent wat deel vorm van die Sisteem, sal dit die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om sodanige komponent(e) aan die Maatskappy te lewer by die besigheidsadres van die Maatskappy. Dit sal die verantwoordelikheid van die Maatskappy wees om ooreenkomstig die vervaardiger se terme en voorwaardes rakende die herstel/vervang van komponente te handel.

12.1 Waar deur die Maatskappy, in sy uitsluitlike diskresie, bepaal word dat die toetsing en herstel van sekere komponente vir praktiese doeleindes op die perseel waar die sisteem (en dus die komponente) geïnstalleer is, sal plaasvind, sal die Maatskappy aan die Kliënt ‘n kwotasie voorsien vir die voorafgenoemde toets en herstelwerk, waarby ingesluit is die kostes verbonde aan vervoer, vervangende komponente en die tyd wat werklik op die installasieperseel spandeer is (die redes vir die Maatskappy se besluit in hierdie verband kan

skriftelik vanaf die Maatskappy versoek word). Herstelwerk sal slegs 'n aanvang neem wanneer die volle bedrag, soos vervat in die voorafgenoemde kwotasie, betaal is.

13. Die Maatskappy sal geen aanspreeklikheid opdoen vir enige skade en/of ongerief wat veroorsaak mag word as gevolg van omstandighede soos uiteengesit in klousule 12 nie.

14. Waar die Kliënt gebruik maak van sy eie kontrakteur vir die installasie van die Sisteem, sal dit die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om te verseker dat die gekose kontrakteur 'n behoorlik gekwalifiseerde elektrisiën is en dat daardie kontrakteur die Kliënt van 'n voldoeningsertifikaat voorsien by voltooiing van die installasie. In die voorafgaande omstandighede, sal dit ook die verantwoordelikheid van die Kliënt wees om te verseker, voordat ontvangs van die Sisteem geneem word, dat die Sisteem volledig en in goeie toestand is.

15. In die geval waar die Kliënt gebruik maak van finansiering ten einde die sisteem aan te koop, sal die Kliënt verantwoordelik wees vir die betaling aan die Maatskappy van 'n 10% (Tien Persent) hanteringsfooi in die geval van kansellasie van enige bestelling.

16. In die geval waar 'n finansierder weier om aan die Kliënt finansiering te voorsien nadat 'n bestelling reeds geplaas is, wat dan aanleiding gee tot kansellasie van die bestelling, sal die Kliënt verantwoordelik wees vir die betaling aan die Maatskappy van 'n 10% (Tien Persent) kansellasiefooi.

17. Die Kliënt bevestig dat hy die terme en voorwaardes soos vervat op die webtuiste van Olivia Energie (www.oliviaenergy.co.za) gelees en verstaan het, en stem hiermee onherroeplik daartoe toe om aan sodanige terme en voorwaardes gebonde te wees.